


HORTGRO TOEKENINGS 2024



Die gesogte Hortgro-toekenings ter ere van uitskieters en staatsmakers in die sagtevrugtebedryf is vanjaar op 31 Mei by die Lord Charles-hotel, in Somerset-Wes, gehou. Dit is die tweede keer dat Hortgro die toekeningsfunksie in ’n nuwe formaat, met die fokus op die kern- en steenvrugbedrywe, hou. Die toekenings se wortels strek terug na 1972 toe die Kaapse Pomologie Vereniging bedryfsleiers vereer het. Vanjaar se uithaler-funksie is geborg deur Hortgro, First National Bank en Corteva.

Die wenners in die verskillende kategorieë was:

- Izithelo Media Toekenning: **Francois Williams, Die Burger**
- Daan Strydom Navorsing en Tegniese Toekenning: **Dr. Stephanie Midgley**
- Hortgro Transformasie Toekenning: **Witzenberg PALS**
- Hortgro Voorsitterstoekenning: **Johan Hopkins**
- 1662 Bedryfstoekeening: **Dora Ndaba**
- O.S.H. Reinecke Bedryfsleier Toekenning 2024: **Pieter du Toit**



Highlights: Hortgro Awards 2024



HORTGRO TECHNICAL SYMPOSIUM 2024



Strength in diversity

Three speakers at the recent Hortgro Technical Symposium highlighted how South Africans can be stronger together. By Anna Mouton.

More than 700 deciduous-fruit industry role players and stakeholders assembled from 3 - 6 June 2024 for the Hortgro Technical Symposium 2024. The opening day was dedicated to strategic topics, including the political landscape, climate change, water security, sustainability, and agricultural supply chains.

Three of the speakers shared their perspectives on how inclusivity, community, and spirituality can help us build stronger teams and a more resilient country. Read what **John Debeson**, **Barend La Grange** and **Dr Imtiaz Sooliman** had to say at the Hortgro Technical Symposium 2024.

Also at the Hortgro Technical Symposium, former Eskom CEO, **André de Ruyter**, shared his thoughts on sustainable energy and how developed countries are increasingly penalising carbon-intensive trading partners from developing economies. [Read more here.](#)

Presentations and **recordings** of the Hortgro Technical Symposium 2024 are available [here](#).



Hortgro's heart is green and at this year's symposium we used Morsbags – **Morsbags** is an international environmental organisation that has grown largely through word of mouth. It's a desire to rid our world of plastic bags to save our oceans, rivers, landfill and not to mention our wildlife. Volunteers make bags from excess material and make them available to the public free of charge but appreciate donations. Find out more about this wonderful initiative: <https://www.wcmorsbags.co.za/>.

In other news...

- Read the latest Fresh Quarterly [here](#). Issue 25 is all about honeybees and pollination.
- Hortgro joins hands with Yonghui Superstores to promote South African pome. Read more [here](#).
- The WCDoA Storm Damage Assessment for June is available [here](#).



FROM THE EXECUTIVE DIRECTOR'S DESK

Maak die Gaatjie Groter (#MdGG)

’n Werker van ’n tandepasta-vervaardiger wat gesukkel het om verkope te laat groei, het opgemerk dat "die gaatjie groter" gemaak moet word. Menende dat elke keer wat iemand tandepasta gebruik, die persoon meer tandepasta as voorheen sou gebruik en dat die vervaardiger dan meer produk sal verkoop.

Of die storie waar is weet ek nie, maar dat daar ’n klomp logika in is, is gewis. Dis presies waaraan ek gedink het die afgelope week of wat na die gewoel, gejuig, gedanstrekery en ook blatante en volghoue opportunisme na afloop van die nasionale verkiesing einde Mei. Soos ek hier skryf is die sogenaamde Regering van Nasionale Eenheid (RNE) besig om beslag te kry met ’n nuwe Speaker en Adjunk-Speaker wat reeds verkies is, en ’n ou(d) President wat herkies is. ’n Nuwe Kabinet moet volg, maar klink my die gaatjies inni koppe, is maar klein! Daar is ook planne om binnekort ’n sogenaamde nasionale dialoog te hou om ’n padkaart en *social compact* vir ’n nuwe fase in SA se geskiedenis te ontwikkel.

Ek dink die meeste van ons is stilweg verlig oor die rigting wat ingeslaan is maar koel koppe is nodig om te voorkom dat kleinlikhede en ondermyning seëvier. ’n Kompromie om die basis vir ’n stabiele en werkende Suid-Afrika te skep.

Nou is die tyd om die kwessies waaroor ons (of minstens die meerderheid van ons) oor saamstem, kollektief te takel. Onder andere ekonomiese groei en werkskepping, veiligheid, gesondheid, onderwys, en die herstel van infrastruktuur soos paaie, spoor en hawens, en volhoubare en betroubare watervoorsiening en energie.

Mag die volgende klompie weke en maande ons almal en plaaslike en internasionale beleggers en entrepreneurs se stoutste verwagtinge oortref. Ons aanmoedig om die nuwe-nuwe SA ’n kans te gee om sy werklike potensiaal te ontsluit.

Vir seker moet ons nie naïef wees nie – soos etlike waarnemers en selfs van die senior politici gemaak het, lê daar uitdagings en struikelblokke in dié pad. Daar is geen *silver bullets* en/of *quick fixes* nie. En die ego’s van verskeie mense het ’n ernstige knou weg. Daar is ook die potensiaal vir konflik – gegewe kwalik verbloemde dreigemente.

My versugting is dat die kwessies waaroor ons verskil – en daar is baie, fundamenteel, ideologies en op beginsel vlak - vir eers geparkeer word en ons met ’n #MdGG-gesindheid die potensiaal en geleentheid van ons land tot almal se voordeel sinvol sal ontsluit.

Mag die Gaatjie(s) – ook in die politici se koppe – Groter en Groter word!

Ons verdien niks minder nie.

Tot volgende keer,
Anton

If we did all the things we are capable of doing, we would literally astound ourselves

Thomas A. Edison

Your past is not your potential. In any hour you can choose to liberate the future

Marilyn Ferguson

→ HORTGRO PUBLICATIONS

[Key Deciduous Fruit Statistics](#)

Fresh Quarterly: [Issue 24 Preharvest and Postharvest](#)

Hortgro Stone: [July Timely Hints/ Julie Tydige Wenke](#)

Fresh Notes: [214 Notification of the presence of spotted wing Drosophila \(SWD\) in South Africa](#)

Fruit South Africa [Transformation Summary](#)

New Roots: [Volume 5 | May 2024](#)

Hortgro News: [All previous issues.](#)

→ HORTGRO YOUTUBE

Vind ons videobiblioteek vol bedryfsinligting [hier](#).

PLUS: 36 Boordopleiding video's nou beskikbaar in [AFRIKAANS](#), [XHOSA](#) en [ENGELS](#)



EDITORIAL TEAM

Elise-Marie Steenkamp - elise-marie@hortgro.co.za
Kyra-Kay Rensburg - kyra-kay@hortgro.co.za

CONTACT US
021 870 2900
www.hortgro.co.za